

DIE AANVAARBAARHEID EN BENUTTING VAN WILDSPILLE DEUR WILDSBOKKE

E.A. VAN ROOYEN

ADMINISTRASIE VIR BLANKES, LANDBOUNAVORSING

Privaatsak 13186, Windhoek 9000



E.A. van Rooyen
Landbounavorser.

EINLEITUNG

Die Wildfarmerei ist einer der Betriebszweige in der Landwirtschaft, der sich während der letzten Dekade am schnellsten ausgebreitet hat. Sie erfordert wegen ihrer Vielfältigkeit ein hohes Niveau in der Betriebsführung, was durch die Verhaltensweise verschiedener Wildarten im Kampf um ihr Futter bedingt wird. Es kann für einen Farmer notwendig werden, sein Wild zu füttern, sei es als Folge einer Dürre und Futtermangel oder sei es um kranke oder gefangene Tiere zu versorgen. Bei drohendem Futtermangel kann der Wildfarmer seine Tiere unglücklicherweise nicht so schnell wie ein Viehfarmer absetzen, da er nicht immer über das ganze Jahr hindurch einen Markt für seine Tiere hat. Es sollte immer angestrebt werden, dem Wild Futter nach seinen Ansprüchen zur Verfügung zu stellen. Manchmal ist es jedoch nicht möglich, natürliches Futter zu verschaffen, so daß man sich nach Alternativen, wie zum Beispiel Kraftfutter, umsehen muß.

Tiere haben genau wie Menschen für ihren Fortbestand einen Bedarf an gewissen Mineralien wie unter anderem Kalzium, Phosphor und verschiedenen Mikroelementen. Unter Bedingungen, wo Tiere die essentiellen Nahrungsbestandteile nicht durch die Weide erhalten, können Kraftfutter und Minerallecken diese Mängel ausgleichen. Es ist jedoch leicht erklärlich, daß die Fütterung von Wild mehr Probleme mit sich bringt als die Fütterung von Vieh.

INLEIDING

Wildboerdery is een van die bedryfstakke van die landbou wat die afgelope dekade die vinnigste uitgebrei het. Dit is egter ook een van die bedrywe wat 'n baie hoë bestuursvlak vereis as gevolg van die kompleksiteit wat die gedragpatrone van verskillende wildspesies en hul kompetisie vir voedsel veroorsaak. Dit kan soms vir 'n wildsboer nodig word om sy wild te voer, hetsy as gevolg van droogtes en voedseltekorte of om siek diere en diere in

aanhouding te versorg. Die wildboer kan ongelukkig nie so vinnig soos 'n veeboer van sy diere ontslae raak wanneer 'n voedseltekort dreig nie omdat daar nie altyd deur die jaar 'n mark vir sy diere is nie. Daar moet altyd gepoog word om voedsel vir wild volgens hul weigewoontes aan te bied. Soms is dit egter nie moontlik om hierdie natuurlike voedsel te voorsien nie en dan moet gekyk word na iets anders, soos byvoorbeeld kragvoer.

Diere het net soos mense ook sekere minerale soos kalsium, fosfor en verskeie ander mikro-elemente vir 'n normale voortbestaan nodig. In situasies waar diere nie hierdie noodsaaklike voedingstowwe deur die weiding inkry nie, kan kragvoer en mineraallekke hierdie tekorte aanvul. Dit is egter verstaanbaar dat die voeding van wild meer probleme sal oplewer as die voeding van vee.

DOEL

Die doel van die ondersoek was om te probeer vasstel hoe vinnig wild die pille begin vreet en daaraan gewoon raak en hoe afhanklik hulle dan van hierdie pille word.

AGTERGROND

Een ton Epol-wildspille is gratis deur EPOL vir hierdie ondersoek verskaf. Die samestelling het as volg daar uitgesien:

Proteïen (min.)	—	160 g/kg
Vog (maks.)	—	120 g/kg
Vet (min.)	—	25 g/kg
Vesel (maks.)	—	80 g/kg
Kalsium (maks.)	—	16 g/kg
Fosfor (min.)	—	7 g/kg
Vitamine A	—	10 000 I.E./kg

Vier mak rooihartesteerte (*Alcelaphus buselaphus caama*) is vir die ondersoek gebruik. Die diere is as jong kalwers deur die De Beers Mynmaatskappy geskenk en was afkomstig van die plaas Rooipoort in die distrik Kimberley. Nadat die diere makgemaak is, is hulle na Sydenham, 'n proefplaas van die Fakulteit Landbou van die Universiteit van die Oranje Vrystaat, geneem. Die plaas is net suid van Bloemfontein geleë.

Die veld waarop die diere tydens die ondersoek gewei het, is ongeveer 3 ha groot en het hoofsaaklik uit *Themeda triandra* (rooigras) asook *Digitaria* spesies (vingergrasse) bestaan. Water was vrylik beskikbaar.

Die ondersoek is op 10 Julie 1985 begin. Die rede daarvoor was dat daar eers gewag is totdat die hoeveelheid beskikbare weiding op die veld genoegsaam verminder het. Die doel was om die EPOL-wildspille te gebruik as 'n aanvulling gedurende die winter wanneer die hoeveelheid kos op die veld beperkend geraak het.

Die ondersoek is uitgevoer deur die Departement Weidingsleer van die Universiteit van die Oranje Vrystaat onder lyding van prof. W.L.J. van Rensburg (Departementshoof) en mnr. L.F. Vorster (Senior Lektor).

METODE

'n Deurgesnyde motorbuiteband is as voerbak gebruik. Die rede daarvoor is dat die buiteband vermorsing verminder, die diere hulleself nie beseer nie en dit makliker deur die diere aanvaar word

as byvoorbeeld 'n deurgesnyde drom of krip waarin hulle hul koppe moet steek om by die voer uit te kom.

Die regte hoeveelheid pille is in die oggend afgeweg en in die buiteband geplaas. Die pille wat teen die aand oorgebly het, is weggeëem en weer geweg om te bepaal hoeveel gedurende die dag gevreet is. Daar is besluit om te begin met 0,5 kg pille per bok per dag en dit dan aan te pas namate die diere daaraan gewoon raak.


RESULTATE

Op die eerste dag van die ondersoek (10 Julie) is toe 2 kg pille uitgesit en alhoewel die diere ondersoek ingestel het, is geen pille gevreet nie. Op die tweede dag is 0,13 kg pille gevreet en op die derde dag 0,11 kg. Op dag vier is daar 1,1 kg pille gevreet en die volgende dag weer slegs op 0,70 kg. Vanaf die sesde dag is geen pille teruggeneem nie en kan dit dus afgelei word dat die bokke toe aan die pille gewoon was. Op die negende dag is die hoeveelheid pille verhoog na 4,0 kg wat toe alles benut is. Die volgende dag is 6,0 kg pille aangebied en toe die aand geen pille teruggeneem is nie, is daar besluit om vir 'n periode aan te hou met 'n hoeveelheid van 6,0 kg per dag. Op dag 31 (8 Augustus) het die diere slegs 1,7 kg pille gevreet en is 4,3 kg teruggeneem. Die volgende dag het die diere weer 6,0 kg pille ingeneem en met hierdie inname aangehou tot en met dag 58. Daar kon geen verklaring gevind word vir die swakker inname op dag 31 nie.

Op dag 59 is die hoeveelheid pille vermeerder na 8,0 kg per dag, dit wil sê 2,0 kg per bok per dag. Tot dag 105 het die bokke elke dag 8,0 kg pille gevreet. Op dag 106 (22 Oktober) is 1,75 kg pille teruggeneem en die volgende dag weer 1,75 kg. Daarna is op dag 108 2,0 kg pille teruggeneem en op dag 109 weer 1,7 kg. Daar is toe besluit om vanaf dag 110 net weer 6,0 kg pille aan te bied. Die diere se inname het toe konstant op 6,0 kg per dag tot en met dag 136 (21 November) gebly. Vanaf dag 137 het die inname stelselmatig minder geword:

Dag 137 — 4,55 kg	Dag 140 — 0,30 kg
Dag 138 — 3,30 kg	Dag 141 — 0,65 kg
Dag 139 — 0,90 kg	Dag 142 — 0 kg

Daar is tot dag 147 met die voer van die pille aangehou, maar daar was geen inname tussen dae 141 en 147 nie. Die ondersoek is toe gestaak.



FIGUUR 1: Die inname van wildspille.

GEVOLGTREKKING

Uit die resultate is dit duidelik dat die diere binne 'n week aan die pille gewoon geraak het. Daar kan ook aanvaar word dat, indien daar na dag 9 meer as 6,0 kg pille aangebied was, die diere meer as 6,0 kg sou gevreet het. Dieselfde kan ook aanvaar word vir dag 59 toe 8,0 kg pille aangebied is.

Figuur 1 wys duidelik die eerste afname in inname slegs 7 dae nadat die eerste reën geval het. Die veld het toe goed uitgeloop en die diere het toe meer op die natuurlike weiding begin staatmaak. Tussen dae 112 en 116 het daar weer 59,5 mm reën geval wat die veld sodanig laat groei het dat die inname binne 20 dae skerp gedaal het en binne 26 dae heeltemal gestaak is. Dit kan dus afgelei word dat die diere natuurlike weiding, indien dit beskikbaar en genoegsaam is, bo EPOL-wildspille verkies.

Die diere het deur die wintermaande 'n baie goeie kondisie behou en daar kan met veiligheid aanvaar word dat 2,0 kg wildspille per hartebees per dag vir onderhoud en normale lewensbehoefte voldoende is. Net nadat die ondersoek gestaak is, is twee gesonde hartebeeskalwers gebore wat geen probleme of abnormaliteite getoon het nie. Geen massatoename of verliese kon gemonitor word nie as gevolg van die feit dat die bokke reeds volwasse was en geen weegfasiliteite beskikbaar was nie. Soos egter reeds gesê is, kon daar op die oog af geen verswakking in kondisie waargeneem word nie.

PRAKTIESE TOEPASSING

1. Omdat wildsbokke die EPOL-wildspille so gou aanvaar, het dit as noodvoedsel 'n groot voordeel. Die pille kan goed aangewend word in noodsituasies soos veldbrande, droogtes, kwarantynkampe, aanhoudingshokke en vir die versorging van siek diere.
2. Dit is vir 'n wildboer belangrik om veldbestuur so toe te pas dat dit nie nodig sal wees om sy wild te voer nie. Gebeur dit egter om die een of ander rede dat dit wel nodig word om te voer, is die voordeel van EPOL-wildspille volgens hierdie proef dat die diere dit slegs sal vreet indien hulle dit nodig het en dat die kans skraal is dat hulle van die pille afhanklik sal word.
3. Laastens het die wildspille die voordeel bo byvoorbeeld voerblokke dat die inname per dier beter beheer kan word en dat kleiner hoeveelhede voedsel oor 'n groter gebied by verskillende voerplekke gegee kan word.

PRAKTISCHE ANWENDING

1. Da Antilopen die EPOL-Wildpreëlinge so rasch akseptieren, haben diese als Notfütter einen großen Vorteil. Unter Notzuständen wie Grasbrand, Dürre und Quarantäne wie auch bei Käfighaltung und der Pflege von kranken Tieren kann dieses Futter verwendet werden.
2. Es ist für einen Wildfarmer notwendig, seine Weidewirtschaft so anzugleichen, daß sich eine Wildfütterung erübrigt. Wird sie dennoch einmal erforderlich, haben die EPOL-Wildpreëlinge diesen Ergebnissen zufolge die Eigenschaft, nur gefressen zu werden, wenn die Tiere darauf angewiesen sind, eine mögliche Abhängigkeit von den Wildpreëlingen scheint gering zu sein.

3. Letzlich haben die Wildpreëlinge zum Beispiel Futterblöcken gegenüber den Vorteil, daß die Einnahme je Tier besser kontrolliert werden kann, und daß kleinere Mengen über ein großes Gebiet an verschiedenen Futterplätzen zugeteilt werden können.

BEDANKINGS


1. Die outeur spreek sy dank uit teenoor EPOL (Thaba Nchu) vir die skenking van die wildspille asook hul belangstelling in die wildprojek van die Departement Weidingsleer.
2. Die personeel van die Departement Weidingsleer aan die Universiteit van die Oranje Vrystaat word ook bedank vir raad en ondersteuning tydens die ondersoek.

OPLEIDING VAN ARBEIDERS

G.A.J. DAHMS

SUIDWES-AFRIKAANSE LANDBOU-UNIE

Privaatsak 13255, Windhoek 9000



G.A.J. Dahms,
Opleidingsbeampte.

WAT IS OPLEIDING?

Dit is 'n taakgeoriënteerde proses wat daarop gerig is om aan 'n persoon 'n bepaalde vaardigheid of kennis te leer vir 'n spesifieke doel, bv. 'n sweiser, operateur, trekkersbestuurder, ens.

WAT IS ONTWIKKELING?

Ontwikkeling is afgestem op die individu en poog om hom bekwaam te maak vir die volgende:

- * om groter verantwoordelikheid te aanvaar;
- * om gewigtiger besluite te kan neem;
- * om beter van sy vermoëns gebruik te maak tot die voordeel van homself en tot voordeel van die onderneming en gemeenskap.

Dit is aan die hand van bostaande verduidelikings dat die Landbouwerkgewers 'n opleidingsprojek aan die begin van 1985 geloots het om die behoeftes van die Landbousektor en boer te bevredig. Die doel wat die landbouwerkgewers hulle voorgeneem het, was om die landbouwerkgewers en landbouwerknemers toe te rus met die nodige kennis, vaardighede, veranderde gedrag en houdings ten einde 'n funksionele doeltreffende landbousektor in SWA te bewerkstellig. Die eerste kursus is in April 1985 aangebied en daar is intussen alreeds 50 kursusse aangebied waardeur daar ongeveer 500 landbouwerknemers opgelei is. Positiewe resultate en kritiek is al hierop terug ontvang. Die volgende getuig daarvan:

Mnr. Horn Tsumeb: "Die feit dat die werknemer inisiatief aan die dag lê en begin dink, is wonderlik."

Mnr. Freitag, Maltahöhe: "Na die kursus het begrip en verantwoordelikheid baie verbeter, en is daar tekens van eie inisiatief." "Dit het baie duidelik geword dat die lesings wat tydens die kursus gehou is, die man se uitkyk op die daaglikse lewe baie positief beïnvloed het."

So kan daar nog veel meer aangehaal word oor die suksesse van die opleiding. Hierdie positiewe terugvoering bevestig maar net weereens die belangrikheid van opleiding en ontwikkeling.

BELANGRIKHEID VAN OPLEIDING EN ONTWIKKELING

Die volgende aspekte is belangrik:

- * Die skaarste aan kundigheid kan deur beide prosesse beperk word.
- * Dit is 'n belegging vir die toekoms.
- * Dit verhoog produktiwiteit.
- * Dit verlaag produksiekoste.
- * Om die lewenspeil van die werknemer te verbeter en te verhoog en om aan hom die geleentheid te bied om verder te groei en te ontwikkel.
- * Om die verhouding tussen die werknemer en werkgewer te verbeter.
- * Die werkgewer ontwikkel 'n nuttige landburger wat van waarde ook vir die gemeenskap kan wees.

Net om die belangrikheid van opleiding verder te onderstreep, word u aandag op die volgende statistiek gevestig.

Toetse wat uitgevoer is, het getoon dat oor 'n tydperk van vier weke, 3,2 persent van die tenkvolume of 36 liter diesel uit 'n 1100 liter dieseltank verdamp, indien die tenk buite staan by temperatuur van 32° C. 'n Tendens wat 'n normale verskynsel is op baie van die plase in SWA. Wanneer die tenk in die koelte staan, verminder die verdampingsverlies na slegs 'n kwart, m.a.w. 0,8% of 9 liter. Wat is u dus bereid om te betaal, vir 9 liter of 36 liter? Dus deur 'n klein bedraggie te spandeer om die verdampingsverlies te beperk, kan u dieselfde doen deur in opleiding te belê. Om 'n fooi van R80,00 te betaal vir 'n kursus, gaan dit u die koste vir die reparasie van 'n masjien spaar deurdat die werknemer nou beter na u masjinerie kyk en dit onderhou.

Hoe sien SWALU en die Landbouwerkgewers die opleiding? Die werknemer bevind homself in 'n driehoek. Die onderstaande skets verduidelik die driehoek baie duidelik asook die SWALU-opleidingsprojek se taak om aan hierdie behoeftes te voorsien tussen die verskillende pole.